

## HOOFSTUK XIV.

INDIËR-ONDERWYS ONDER 'N DEPARTEMENT VAN INDIËR-  
 EN KLEURLINGSAKE :  
AANBEVELINGS.

1

1. Inleiding.

In hierdie studie het die ondersoek van die geskiedenis van die Indiërs getoon dat die Indiër-probleem een van Suid-Afrika se grootste probleme is. Ook is gevind dat die verloop van die geskiedenis tot 'n baie groot mate die verwickelinge op onderwysgebied beïnvloed en bepaal het, -soms tot so 'n mate dat die onderwysgebeure alleen verstaan kon word in die lig van die geskiedenisfeite.

Sub-departemente vir Indiër-onderwys in die verskillende provinsies kan tot 'n groot mate reg laat geskied teenoor hierdie vreemde bevolkingsgroep, maar op grond van die bevindings in hierdie studie word die standpunt ingeneem dat die liggaam wat die geskiedenis van 'n volk bepaal ook die verantwoordelikheid vir die onderwys van daardie volk moet dra. As gevolg van hierdie standpunt moet Indiër-onderwys dus direk onder die Unie-regering val. Terwille van die bestaande stelsels van gemengde skole en omdat die bevolkingsgroepe nie groot is nie, word aanbeveel dat Indiër-en Kleurlingonderwys <sup>voorlopig</sup> saam gegropeer sal word.

2. Administrasie van Indiër-onderwys.

Daar moet 'n departement van Indiër- en Kleurlingsake onder 'n minister van Indiër- en Kleurlingsake ingestel word. Soos in die ander departemente moet hier ook 'n sekretaris van Indiër- en Kleurlingsake wees en onder hom 'n direkteur van Indiër- en Kleurlingonderwys. Onder hierdie direkteur moet daar aan die een kant 'n hoof-inspekteur vir Indiër- en Kleurlingonderwys met sy onder-inspekteurs wees vir elkeen van die betrokke provinsies,

en aan die ander kant 'n tegniese adviseur met 'n navorsingsraad.

Die tegniese adviseur met sy navorsingsraad moet in samewerking met die inspektoraat navorsing doen in verband met probleme wat die onderwys raak en aanbevelings doen by die direkteur. Die werk van hierdie raad moet ook die opstelling van spesiale leerplanne, beroepsopleiding en beroepskeusevoorligting insluit. Dit sal ook navorsing op die gebied van die beskikbare beroepe dringend noodsaaklik maak en hiervoor is samewerking met verteenwoordigers van die sakewêreld, landbou en ander beroepe, nodig.

Bekwame Indiër- en Kleurlinghoofde kan ook as onder-inspekteurs die gewone inspekteurs behulpsaam wees. In die geval van Naturelle-onderwys in Transvaal word hierdie onder-inspekteurs, opsieners genoem.

Skematies kan die administrasie soos volg voorgestel word:

Minister van Indiër- en Kleurlingsake.

Departement van Indiër- en Kleurlingsake.

Sekretaris van Indiër- en Kleurlingsake.

Direkteur van Indiër- en Kleurling-onderwys.

Hoof-inspekteur van Indiër- en Kleurling-onderwys • Tegniese adviseur.  
Navorsingsraad.

Inspekteurs van Indiër- en Kleurling-onderwys.

Onder-inspekteurs of opsieners.

... ..

### 3. Inrigtings vir die opvoeding van Indiërs.

Waar moontlik moet aparte inrigtings vir elkeen van hierdie bevolkingsgroepe opgerig word. Inrigtings vir Indiërs en Kleurlinge moet wees laerskole, middelbare skole, nywerheidskole of beroepsopleidingsinrigtings.

tegniese skole, opleidingsinrigtings vir onderwysers en 'n eie universitêre inrigting.

4. Spesiale leerplanne en beroepsopleiding.

Faktore soos die volgende maak 'n spesiale leerplan vir Indiërskole dringend noodsaaklik:-

a). Die lang skooldag van die Indiërkind. Die buite-skoolse seremonies, godsdiens- en taalklasse maak dat die Indiërkind gemiddeld 8 uur per dag op die skoolbanke moet deurbring. Hierby kom nog die ekstra tyd wat in beslag geneem word met die voorbereiding van die werk vir die ekstra klasse. As hierdie kinders nog 'n oomblikkie vry het dan help hulle na skool hul ouers in hul besighede.

b). Die Mohammedaanse kind moet van jongs-af al leer om aan die vaste voor hulle vakansiedae deel te neem. Dit gebeur maar gedurende een maand in die jaar, maar dit moet die vordering op skool beïnvloed.

c). Die baie geestelike en liggaamlike gebreke onder Indiërkinders beïnvloed ook die vordering op skool. Hierby kom nog die groot invloed van verarming en ondervoeding.

d). Met die volgende faktore moet ook terdeë rekening gehou word : Swak skoolbesoek, vroeë skoolverlating, die hoë gemiddelde ouderdomme van die leerlinge en die feit dat meisies baie min voordeel uit die onderwys trek. Hierdie faktore is in 'n baie groot mate kenmerkend van Indiër-onderwys.

e). Die Indiërkind moet verder 'n nuwe beskawing deur 'n vreemde voertaal op skool aanleer. Dit is 'n taak wat op sigself 'n uitsondering in die geval van die Indiërkind regverdig.

In die lig van bostaande is dit nodig dat 'n aparte leerplan vir Indiërskole opgestel moet word. Die leerplan vir blankes is heeltemal te vol en ondoeltreffend vir die Indiërkind. By die opstelling van 'n spesiale

leerplan is dit nodig dat elementêre beroepsopleiding nie uit die oog verloor sal word nie. Gewoonlik word beroepsopleiding uitgestel tot na die laerskool-stadium, omdat leerlinge eers 'n algemene opleiding nodig het en gewoonlik gedurende die laerskool-tydperk nog nie seker is van die beroepe wat hulle gaan volg nie. In die geval van die Indiiërs is dit anders. In hierdie studie is reeds vasgestel dat hulle die beroepe van hulle ouers volg en dus weet ons waarvoor ons hulle moet oplei.

'n Algemene opleiding sal ook nie uitgeskakel word nie. So sal die twee offisiële tale en rekene altyd 'n vereiste bly. Maar as ons die leerplan wil laat aanpas by die omgewing dan kan aan 'n besigheidsgemeenskap aan die kinders ongeveer van standerd III af kommersiële rekene gegee word. Ook besigheidsmetodes kan ingevoer word. Hulle kan ookal tik en die beginsels van boekhou leer.

In 'n gemeenskap wat oorwegend landboukundig is kan voorsiening gemaak word vir 'n vereenvoudigde landboukursus. Dit moet 'n praktiese kursus wees. Die beskikbare grond moet so groot wees dat die leerlinge instaat gestel word om die hele prosedure van bemarking en belegging van hulle geld te kan be-oefen.

Dit sal nodig wees dat die leerplanne van opleidingskolleges so gewysig sal word dat hulle die onderwysers sal oplei om hulle by die nuwe leerplanne aan te pas.

Die voorgestelde navorsingsraad kan ook deur navorsing 'n blywende bydrae vir die nuwe leerplanne lewer.

Dit is ook nodig dat spesiale leerplanne nie alleen vir die laerskool, maar ook vir middelbare en hoër-onderwys opgestel sal word.

Die beginsel van aparte leerplanne, eksamens en sertifikate vir nie-blankes is nie onbekend in Suid-Afrika nie. In al die provinsies is daar reeds wat die

opleiding van onderwysers betref, aparte leerplanne, eksamens en sertifikate vir Indiër- en Kleurling-onderwysers. Wat Naturelle-onderwys betref het Transvaal ook tot aan die einde van die laerskool, aparte leerplanne en eksamens<sup>(1)</sup>. Naturelle-onderwys in Transvaal word ook deur spesiale regulasies beheer.<sup>(2)</sup> Die Kaapprovinsie het ook spesiale leerplanne vir primêre Kleurlingskole.<sup>(3)</sup> Hierdie leerplanne sluit onder andere ook 'n studie van beroepe in.<sup>(4)</sup> Die Kaapse leerplanne is wat die kulturele vakke betref in 1937 hersien en toe is ook spesiale leerplanne vir naaldwerk en huishoudkunde ingestel.<sup>(5)</sup>

5. Verbeterde kwalifikasies en opleidings-fasiliteite vir onderwysers.

Hierdie studie het die volgende belangrike feite in verband met die onderwysers openbaar:

(a). 'n Tekort aan opgeleide onderwysers.

Daar is 'n groot tekort aan opgeleide onderwysers en veral onderwyseresse. Daarom word blanke en Kleurlingonderwysers ook in Indiërskole aangestel. Die standpunt wat hier gehuldig word, is dat die Indiër deur die Indiër onderwys moet word. As ander nasionaliteite wel aangestel moet word dan moet hulle spesiaal opgelei wees om vir Indiërs onderwys te gee. Hulle moet ook 'n deeglike kennis van die Indiër se geestelike lewe hê en veral van die besondere produkte van die twee groot Indiërgodsdienste nl. Hindoeïsme en Mohammedanisme. Hierdie kennis is absoluut noodsaaklik omdat die onderwyser daardeur die magte

(1). Transvaalse Onderwysdepartement: Leergang vir Naturelle skole.

(2). Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van Regulasies en Instruksies.

(3). The Province of the Cape of Good Hope: The Education Gazette . 8/11/1934; 1142-

(4). t.a.p.; 1164-1165.

(5). Kaap die Goeie Hoop. Departement van Onderwys: Leerplan vir die Primere skool; 74-86.

leer ken wat die Indiër se lewe beïnvloed en beheers. Jy moet die siel van die Indiër ken as jy sy verstand wil ontwikkel.

Dit is dus noodsaaklik dat die onderwyser 'n produk sal wees van die gemeenskap wat hy later moet dien; maar as dit nie altyd moontlik is nie, dan is 'n grondige kennis van die Indiër se aard, kultuur en godsdiens die minste wat verwag kan word van 'n persoon wat vir Indiërs onderwys wil gee.

Dieselfde vereistes geld vir die inspekteur van Indiër-onderwys. Die gewone prosedure is om die inspekteur van skole vir blankes ook verantwoordelik te maak vir die Indiërskole in sy kring. Hierdie beleid kan nie volkome reg laat geskied aan die Indiër nie. Die inspekteur se oordeel kan sterk beïnvloed word as hy kennis dra van feite soos die volgende.

(i) Die vermoeiende langwerksdae van die Indiër-kinders.

(ii). Die uitsonderlike hoë aantal riggaamsgebrêke.

(iii). Die vaste voor vakansiedae.

(iv). Die Oosterse kultuur, gewoontes, godsdiens. Alles dinge wat die leerlinge se dadé tot in die fynste besonderhede bepaal.

Daar moet dus ook spesiale inspekteurs wees wat tenminste as gevolg van 'n spesiale studie, Indiërs ken. Daarom word aanbeveel dat solank daar van blanke inspekteurs gebruik gemaak moet word, een of twee bekwame Indiërhoofde as onder-inspekteurs aangestel sal word om elk van die blanke inspekteurs behulpsaam te wees.

(b). Onopgeleide onderwysers in die diens.

Daar is nog heelwat onopgeleide onderwysers in die diens. Middels soos verbeterde diensvoorwaardes, vry-opleiding ens. moet aangewend word om rekrute vir die

onderwysberoep te trek. Beroepskeusevoorligting kan ook baie help. 'n Goed toegeruste selfstandige normaalkollege, met koshuise, apart van enige middelbare skool sal baie help om hierdie toestand op te los. So 'n inrigting het 'n status en kan 'n eie onderwys-tradisie opbou. Elke provinsie het so 'n selfstandige inrigting nodig, al sou dit beteken dat waar daar beperkte getalle is, soos in Transvaal, Indiër- en Kleurlingonderwysers voorlopig nog saam opgelei sal word.

(c). Lae kwalifikasies van onderwysers.

Die kwalifikasies van die meeste onderwysers wat wel opgelei is, is besonder laag. As daar enige vooruitgang gemaak moet word op die gebied van Indiër-onderwys, dan is dit noodsaaklik dat die akademiese en professionele kwalifikasies van die toekomstige onderwysers aanmerklik verhoog sal word.

(d). Swak onderwysers en die aanvangsklasse.

'n Teleurstellende kenmerk wat deur hierdie studie openbaar is, is dat die aanvangsklasse in die meeste gevalle toevertrou word aan onopgeleide, tydelike en onervare onderwysers. Dit is in die aanvangsklasse waar die fondament vir die toekoms gelê word en waar die Indiërkind 'n bruikbare kennis van sy voertaal moet opdoen. Swak onderwysers Kan nie aan hierdie eise voldoen nie. Die grade klasse in die Indiërskole is oor die algemeen ook te groot vir die suksesvolle aanleer van die eerste beginsels van 'n beskawing wat vir die leerlinge heeltemal vreemd is.

5. 'n Offisiële taal as voertaal.

6. 'n Offisiële taal as voertaal.

Voordat enige aanbevelings in verband met die voertaal gedoen word, word eers die wese en reg van die moedertaal en die gevolge van 'n ander taal-medium bepaal. Dit word gedoen aan die hand van 'n studie van Prof. J.

Chr. Coetzee oor Moedertaal en die skoollewe (Tydskrif vir middelbare onderwys. September 1930). soos verwerk in die skrywer se M.Ed-proefskrif: "Indiër-onderwys in Suid-Afrika." (1)

(a). Die moedertaal.

Die wese van die moedertaal kan onder die volgende vier hoofde saamgevat word:

(i) Die kind leer die moedertaal as sy eerste menslike taal aan en daarin uit hy sy psigiese behoeftes, begeertes, gevoelens en strewinge.

(ii). Die moedertaal is die taal van die liefde, blydschap, doodsangs en aanbidding. Dus die intiemste middel vir psigiese omgang.

(iii). Dis die eerste, doeltreffendste en meesgebruikte middel vir gedagtevorming en uiting.

(iv). Dit is ook die enigste draer van die nasionale kultuur, die middel vir die bewaring en oordraging van die nasionale besit.

(b). Die moedertaal as voertaal.

Die nasionale kultuur word gedra deur die moedertaal. Daarom is die aangewese middel vir die onderwys en opvoeding dan ook die moedertaal. Die volgende is argumente ten gunste van moedertaal-onderwys:

(i). Die skool moet die kind benader deur die taal wat sy eie is en dit is sy moedertaal.

(ii). Deur moedertaal-medium sluit die skool by die bekende aan.

(iii). Hierdeur word 'n noue samewerking tussen die huis en die skool ook bevorder.

(iv). Die Skoolopvoeding is doeltreffend as dit gebruik maak van die kennis en die instrumente wat die kind in sy voorskoolse lewe opgedoen het, gebruik en hom

---

(1) Naude: Indiër-onderwys in Suid-Afrika: 88-90.



mee vereenselwig het.

(v). Ondersoekinge wat oor die voertaal-probleem ingestel is bewys deurgaans dat die kind die beste leer deur sy moedertaal, en dat die gebruik van 'n ander taal as voertaal remmend inwerk op sy geestelike ontwikkeling. Dit is die getuienis van Owen, Edwards, Saer, Smidt en Coetzee.

(vi). Daar is ook histories-nasionale grondslae. Die behoud van die volksiel lê in die handhawing van die moedertaal as voertaal.

(c). Die gevolge van die ander taal-medium.

As die gevolg van politieke-, sosiale-, ekonomiese- of opvoedkundige oorwegings word 'n ander taal soms as voertaal ingevoer. Die volgende is van die gevolge van ander taal-medium:

(i). Alle eksperimente bewys dat 'n vreemde voertaal stremmend inwerk op die geestelike ontwikkeling van die kind. Die vreemde voertaal veroorsaak afneming van die spontane belangstelling. Deurdat die kind meer gekonsentreerde aandag moet skenk en deurdat sy aandag gedurig moet wissel tussen die inhoud en die vorm van die ander taal, word hy gouer vermoeid. Omdat die kind die inhoud nie verstaan nie leer hy maar die vorm uit die hoof. Dit werk dus meganiese memorisering in die hand. Die kind vra nie, dink nie, skep nie, maar neem net op en so word sy skeppende self-aktiwiteit gestrem.

(ii). Die vreemde voertaal bring ook 'n ongewenste skeiding tussen die huis en die skool. Die skool verloor sy vat op die kindersiel omdat hy met die vreemde verbind word. Die kind leer alleen vakkenis met vak-terminologie en die skadelike gevoel van minderwaardigheid ontwikkel. Die kind kan hom self later skaam vir sy taal, sy volk en sy nasinaliteit.

(d). Die voertaal in Indiërskole.

Uit die voorgaande blyk dit dat die moedertaal die ideale voertaal is ook vir die Indiërs in Suid-Afrika. Uit die gegewens blyk dit egter dadelik dat dit onmoontlik is, want daar word te veel Indiërtale in Suid-Afrika **gepraat**. Dit is selfs onmoontlik om die taal van die meerderheid as voertaal te neem, want dit sou beteken dat in die een skool die een Indiërtaal en in ander skole weer ander Indiërtale die voertaal sal wees. So'n toestand is onprakties en onwenslik.

Daar bestaan twee moontlikhede:

(i). In die eerste plek kan enige vooraanstaande Indiërtaal in Suid-Afrika as voertaal geneem word. Gandhi het byvoorbeeld Hindi aanbeveel as voertaal vir Indië. Dit beteken dat al die Indiërkinders dan deur een Indiërtaal onderwys sal ontvang. In die praktyk sal dit egter net beteken dat die offisiële taal deur 'n Indiërtaal **vervang** is, want die Indiërtale verskil tot so 'n mate dat al die kinders wat nie die Indiër-voertaal as huistaal besig nie, dit maar net soos die offisiële taal in die skole sal moet aanleer.

(ii). Die enigste uitweg blyk dus te wees die gebruik van 'n offisiële taal as voertaal. In byna al die Indiërskole word Engels as voertaal gebesig. As beginsel moet neergelê word dat die offisiële taal wat in 'n skool as voertaal gebruik sal word, die oorheersende offisiële taal van daardie betrokke omgewing sal wees. Dit sal beteken dat in oorheersende Afrikaanssprekende omgewings, Afrikaans die voertaal sal wees, en in oorheersende **Engelssprekende** omgewings, Engels. Dit wil nie sê dat die offisiële taal wat nie die voertaal is nie, verwaarloos sal word nie. In die voorgestelde spesiale leerplanne vir Indiërskole sal daar geleentheid wees om spesiale aandag aan die offisiële tale te **gee**. Hierdie beleid behoort dus nie belemmerend in te werk op die vordering van die klompie wat verder as

die laerskool gaan nie.

Die beste onderwysers moet in die grade onderwys gee en hulle moet ook instaat wees om in die begin deur middel van die Indiërtale te verduidelik waar dit nodig is. Omdat die Indiërkinders gewoonlik 'n gangbare kennis van die offisiële taal van die omgewing het as hy vir die eerste keer skool toe kom, sal die vordering ook baie vinniger wees.

'n Offisiële taal as voertaal het verder die voordele dat dit die moontlike stryd vir voorkeur onder die Indiërtale uitskakel en die Indiërs instaat stel om 'n deeglike kennis op te doen van die offisiële tale van hulle aangenome vaderland.

.....